



Geagte Dominee

'n Mooi en geseënde jaar word u toegewens.

Mag die samewerking en ondersteuning wat TOIBO in 2019 ervaar het, voortgaan tot voordeel van die kind met 'n gestremdheid.

2019 Matrikulante

Baie geluk aan ons matrikulante met hul goeie uitslae.

Van die 95 matrikulante het 92 geslaag - dus 'n 96,84%-slaagsyfer.

Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid het 'n 100% slaagsyfer behaal asook die volgende toekennings ontvang:

- Beste LSOB-skool in die Distrik Tshwane-Suid
- Beste LSOB-skool in Gaueng

TRANSORANJE INSTITUUT

vir

BUITENGEWONE ONDERWYS

Posbus 13383 HATFIELD 0028

T: 012-362 0660

E: TOIBO@imagnet.co.za

www.toibo.org.za



ABSA

Rekeningnr: 020 840 145

'n Droom sonder 'n doelwit,
bly net 'n droom.

Ook 2020 word in geloof aangepak. As 'n niwingsgewende organisasie moet TOIBO genoeg fondse genereer om haar verpligtinge teenoor die minderbevoorregte kind met 'n gestremdheid na te kom. Die huidige ekonomiese omstandighede in die land maak dit egter baie moeilik. Ten spyte daarvan, word alle verpligtinge teenoor die skole nagekom.

Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons donateurs dat TOIBO kan spog met 'n rekordinkomste vir die 2019-boekjaar. Benewens donasies, is daar ook twee groot bemakings ontvang.

Dankie aan die stigterslede en hul gemeentes vir u volgehoue ondersteuning.

SINODALE BYDRAES

NG Kerk	R102 110
NHKA	R 69 687
GKSA	R226 475
TOTAAL	R398 272

BYDRAES DEUR GEMEENTES

NG Kerk	R 45 144
NHKA	R 84 124
GKSA	R116 826
TOTAAL	R246 094

GROOTTOTAAL
R644 366

UITBETALING
AAN SKOLE
R1 417 020

Inspirasie-hupstoot vir 2020

Op 10-jarige ouderdom kon Cindy David nie haar naam skryf nie, maar aan die einde van 2019 slaag sy haar matriekeksamen met twee onderskeidings aan Transvalia-skool.

Sy, haar sussie en haar pa het op straat gebly en gebedel om te kon oorleef. Die kinders het nie skool bygewoon nie.

Cindy en haar sussie word later in die Jakaranda-kinderhuis opgeneem, en sy begin in 2010 by Via Nova-skool met haar skoolloopbaan. Gedurende 2012 gaan sy na Magaliesskool. Sy besef egter dat sy meer uit die lewe soek en gaan na Transvalia-skool sodat sy haar matriek kan behaal. Sy was ook die wenner van die Erkentlikheidstrofee (TOIBO-wisselrofee).

(Berig *Rekord* en insetsel op kykNET se eNuus)

